Tema: God maak gebroke gesinne van die verbond heel.

Vooraf sang
Ps 146 – 1: 1, 2,7,8

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 147 – 1: 1,2
Votum
Seëngroet
Loflied Ps. 128 - 1: 1 (almal) ; 2 (brs), 3 (srs), 4 (almal)
Geloofsbelydenis Lees Sb 12 - 2: 1 - 4 en sing Sb 12 - 2: 5 (Mel Lied 530).

Verootmoedigingsdiens
Wet - Lees Jak 1: 12 – 27
Sing Ps. 68 - 1: 3
Gebed.

Sakramentbediening
Doopformulier
Sing Lied 292: 1 (Terwyl Emma ingebring word – nooi kinders van die gemeente vorentoe kom.)
Bediening van die doop
Sing Lied 292:2
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing; 1 Sameul 1
Teks: 1 Sameul 1: 9 - 11 en 20
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Lied 588:1;3
Seën
Amen Sb 13 -2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ek wil julle vanmore voorstel aan ’n baie mooi, gelowige huisgesin wat in Rama, ’n dorpie so twee 2 ure se reis noord van Jerusalem, gewoon het. Pa Elkana was ’n nogal ’n belangrike man in die gemeenskap. Hy kom uit ’n baie besondere familie wat die Leviete genoem was en ’n belangrike plek in die samelewing ingeneem het omdat hulle spesiaal gekies was om diens te doen by die kerk. Elkana was ook ’n redelik vermoënde man want hy het twee vroue gehad. Hulle name was Hanna en Peninna.
Elkana was eerste met Hanna getroud, maar omdat sy nie kinders kon hê nie, het Elkana besluit om met Peninna te trou en saam het hulle sommer ’n hele spannetjie kinders gehad.

Hierdie gesin in Rama was gelowige mense! Hulle was getroue erediensbywoners en het getrou dankoffers gebring. Hulle het moeite gedoen om elke jaar die belangrikste feeste in Silo te gaan bywoon. Silo was die plek waar die gelowiges offers gaan bring het by die tabernakel. Kinders, die tabernakel was ’n tent wat God opgerig het waar die volk offers moes bring. Hulle het diere geslag en dit dan op ’n vuur verbrand as ’n geskenk aan die Here. Die priester-dominee se naam was Eli.

Br en sr, ons sou vanmore vir Elkana en sy gesin as nuwe intrekkers by Potch-Oos kon verwelkom. Hulle was mooi gelowige mense wat die Here gedien het. ’n Dood normale gesin wat hard gewerk het, ’n familielewe gehad het en hulle plek in die samelewing vol gestaan het. ’n Gesin van wie ons sou gedink het dat dit baie goed met hulle gaan.

Maar, geliefde gemeente, ons het egter dikwels ’n verkeerde prentjie van “gelowige gesinne” in ons kop. Ons het dikwels die persepsie van gelowige gesinne waarmee dit altyd goed gaan. Ons kyk so oppervlakkig na mekaar en sien hoe gesinne hier by die kerk saamkom en alles lyk so mooi en reg en asof dit met almal goed gaan!
Tog, brs en srs en kinders, is die nie werklikheid nie! In gelowige gesinne is daar ook sonde en seerkry! As ons mekaar beter sou ken, sou ons ook die seer van ons gesinne geken het. In gelowige gesinne word pa en ma kwaad vir mekaar en kry stry met mekaar. Daar was dalk nog sommer vanmore op pad na die kerkgebou ‘n stil, koue atmosfeer in die kar oor een of ander geskil.

Dit gebeur dat gelowige ouers hulle kinders te na kom. Gelowige pa’s en ma’s is nie altyd daar vir hulle kinders nie en gee dikwels nie die nodige aandag en opvoeding nie.
Gelowige kinders stel hulle ouers teleur. Gelowige kinders is stout en ongehoorsaam. Boeties en sussies is jaloers op mekaar en baklei met mekaar. Gelowige gesinne word getref deur siekte en dood en baie ander seerkry dinge.

Ons sien dit ook in Elkana se gesin. Elkana se sonde was dat hy twee vroue gehad het. Dit was teen die wet van die Here en het baie probleme veroorsaak. Ons lees in

vers 6 in die oorspronklike taal dat Peninna Hanna se “meedingster” genoem word. Die twee vroue het om Elkana se liefde meegeding want ’n huwelik is bedoel vir een man en een vrou. En die manier waarop ’n vrou destyds haar waarde vir die man kon toon was deur vir hom kinders te baar. Peninna het al ’n klomp kinders gehad en sy het geen kans laat verbygaan om Hanna met ’n skerp tong daaroor te spot en te verneder nie.

Hanna se seer is elke jaar met die offerete deeglik met sout ingevryf. Wanneer hulle aansit vir die spysofferete dan kon Elkana vir Hanna net ’n klein deeltjie van die kos gee want sy het nie kinders gehad nie, terwyl Peninna en haar kinders die grootste deel moes kry. En sondig, soos ’n mens is, het Peninna sommer daar tydens die groot familie aanbiddingsete vir Hanna so erg met die tong bygekom dat dit vir Hanna in trane gedryf het.

Ons gesinslewe, gemeente, is soms ook gebroke en stukkend! Om dit hard te sê: dit is met sonde bevlek – dit is vuil en het nodig om skoongemaak te word! Dit is wat die doop ook vanmore vir ons gewys het! Ons het nodig om gewas te word. Ons het nodig om skoon te kom! Maar ons kan dit nie self doen nie! Hanna is kinderloos en as God nie vir ’n mens kinders wil gee nie, kan geen mens iets daaraan doen nie! Hanna se kinderloosheid is die simbool van ons as mense se onmag in ons sonde en seerkry! Ons kan self niks daaraan doen nie – net so min as ‘n onvrugbare vrou haarself swanger kan maak.

Maar, brs en srs en liewe kinders, wat maak die verskil in gelowige gesinne se lewe? God maak die verskil. God maak gebroke gesinne van die verbond heel.

God leef saam met gelowige gesinne in hulle huise en in hulle lewe! Dit is wat die doop beteken! God sluit met gelowige ouers en kinders ’n verbond of ’n ooreenkoms waarin God belowe dat Hy vir ons ’n God sal wees en dat Hy ons sal bystaan! Dit is die wonderlike belofte waaraan Francois en Karen en Emma– eendag wanneer sy groot word – kan vasgryp! Dit is die werklikheid waaraan ons almal in ons gesinslewe kan vasgryp: God is teenwoordig in gelowige gesinne!

Hy is op n besondere manier teenwoordig. Hy is ”magtig” teenwoordig. 1 Sameul 1: 3 is die eerste teks in die Bybel waar die Hebreeuse naam “Jahweh Sebaot” gebruik word. Dit beteken die “Here van die leërskares” of om dit anders te vertaal “die Here wat beskik oor die grootste weermag in die heelal!”. God is almagtig en Hy kan doen wat Hy aan jou en jou gesin beloof het! Hy beskik oor ’n hemelse leermag van engele en kragte waarvoor niks kan standhou nie. Geen sonde, geen mense en geen bose mag nie!

Die Here openbaar Homself ook op besondere manier in Elkana se naam. Elkana se naam beteken in Hebreeus “God is skepper”. God is dus ook skeppend teenwoordig in ons lewe! Met sy almagtige krag kan Hy lewe uit die dood opwek! God kan uit niks

nuwe lewe laat voort kom! Hy kan sondige mense skoonwas en nuwe inhoud aan hulle lewe as gelowige gesin gee! Die Here kan dit wat verkeerd loop reg maak! Al lyk ’n situasie hoe hopeloos! Al gaan dit al vir jare so en wil mens in jou moedeloosheid hoop verloor – God kan alles verander!

Hanna het hierdie dinge van die Here geweet! Sy het geweet dat net die Here in staat is om hierdie hopelose en seer situasie in haar lewe te verander! Daarom dat sy daar van die etenstafel opstaan waar Peninna haar met haar spot tot trane gedryf het en dat sy na die kerktent toe gaan om te gaan bid! Hanna gaan soek die Here op. Hanna gaan beroep haar op die verbondsbeloftes van die Here dat Hy vir sy volk ’n God se sal wees! Daardie belofte wat die Here gegee het, elke keer wanneer ’n gelowige seuntjie van daardie tyd besny is.

So, br. en sr en liewe kind, moet ons die Here in ons gesinslewe opsoek! Dit is wat gelowige gesinne doen! Hulle wend hulle na die Here! Waar mense hulle vasloop in hulle eie sondigheid en verlorenheid, draai hulle na die Here toe en gryp met geloof vas aan Hom en smeek Hom om uitkoms! Ons lees dat Hanna haar hart in gebed voor die Here uitgestort het! Sy het daar lank gesit en bid! Sy het vasgegryp aan die Here en al haar seer, haar eie onvermoë en hopeloosheid aan Hom oorgegee!

Sy bid vir ’n seun! En sy belowe dat sy hierdie seun aan die Here sal teruggee. Sy sal hom grootmaak en bring sodat Hy die Here hier by die kerk as priester kan kom dien!

Brs en srs, wat gebeur wanneer gelowige gesinne so aan die Here vasgryp?
Daar kom hoop! Al is die situasie nog nie verander nie, kom daar hoop by gelowige mense! Ons lees in vers 18 dat Hanna na haar gebed “nie meer bedruk was nie” en teruggegaan het na haar gesin toe om te wag op die uitkoms wat die Here bring. Die Heilige Gees werk in gelowiges hoop! Hy gee ons die krag om aan te gaan! Hy lei ons in geloof! Ons lees dat die gesin gelowig aan die Here bly vashou het! Hulle het in geloof gewag!
En die Here is getrou! Hy antwoord deur Hanna swanger te laat word en ’n seuntjie in die wêreld te bring. En sy noem hom Sameul – dit beteken: sy naam is God! Sy naam is God want van God het ek hom afgebid!

Geliefde gemeente, dit is God wat uitkoms gee! Dit is God net God wat die mens uit sy hopelose sondige situasie kan red. Dit is net Hy wat vir gelowige gesinne genade kan gee en hulle lewe nuut kan maak! En Hy doen dit deur Immanuel. Sy eie seun wie se naam nie Sameul so wees nie, maar Immanuel – dit beteken: God met ons! Christus, die seun van God, deur God gegee om ons van ons sonde skoon te was en ons lewe te vernuwe! Dit is wat die water by die doop afbeeld! Net soos water ons liggame skoonwas van vuilheid, word mense van hulle sonde skoongewas en vernuwe God jou lewe!

En dit het God vir ons as gelowige gesinne en gelowige mense gedoen! Christus woon deur sy Gees in ons as gelowige gesinne. Hy is in ons hart en is saam met ons in ons huise en in ons binnekamers! Daarom kan ons as gelowige mense ons sonde erken en bely en ons kan mekaar vergewe soos elkeen van ons vergifnis in Christus vir ons eie sonde vind! Dit is die verskil wat God bring! Selfs ook as daar dalk ongeloof in lede van gesinne voorkom – God kan hulle lewens verander en geloof in dooie harte skep!

Met die vernuwende krag wat Christus deur sy Gees aan elke gelowige gee, kan ons nou ons gebroke situasies hanteer, met ons sonde breek en groei in nuwe herstelde verhoudinge. Dit is mos die vrug van Christus se offer wat Hy gebring het: dat ons nie ons sonde te volhard nie, maar daarmee breek en stry om meer en meer soos Christus te leef.

En watter vrug werk die Gees nog in ons lewe? Hy ons Trooster leer ons in die Nuwe Testament! Hy bring vrede en hoop! Na baie trane het Hanna kalmte en vrede beleef na haar gebed! Dit is die werk van die Gees – Hy het haar getroos en Hoop gegee! Maar die Gees doen ook meer! Hoe lyk die nuwe lewe wat God aan gelowige gesinne gee? Galasiërs 5:22 teken vir ons hierdie nuwe gesinslewe: “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing”. Dit word die manier waarop gelowige gesinne met mekaar saamleef! So anders as in die gesin van Rama se lewe voor Hanna se gebed en so duidelik te sien in hulle lewe na Hanna se gebed.
So kan man en vrou mekaar liefhê ten spyte van swakhede en gebreke! So kan kinders liefde van hulle ouers ontvang en mekaar ook liefhê en algaande daarin groei soos wat hulle groter word! So kan ons vergewe en vergeet en met mekaar en ons omstandighede saamlewe.

Geliefdes, die Here se heelmaakwerk in ons gesinslewe beteken nie dat Hy altyd vir kinderlose ouers kinders gee en dat Hy moeilike huweliksomstandighede makliker maak nie. Dat Hy onvolmaakte ouers en moeilike kinders volmaak maak nie. Dat Hy siekte en liggaamsgebreke alles reg en perfek maak nie! Nee, die Here se heelmaak werk beteken dat Hy ons heelmaak te midde van gebroke omstandighede sodat ons binne daardie omstandighede as gelowige gesinne, gelukkig en vervuld kan leef en Hom kan dien! Dat ek my onvolmaakte huweliksmaat kan liefhê en dien! Kinders, dit beteken ook dat julle  julle onvolmaakte ouers kan aanvaar en gehoorsaam kan wees! Dat ek my kind met sy gebreke en tekortkominge kan aanvaar en liefhê.

Ten slotte vra die doop ook getrouheid van ons ! Hierdie sakrament vra ook vir ons gelowige ouers om getrou bly aan die belofte wat hulle gemaak het! Net soos Hanna getrou gebly het aan haar belofte en die jong Sameul na ’n paar jaar gebring het om voltyds vir die Here te werk as priester. Gelowige gesinne reageer ook met dankbaarheid op die genade van die Here!

Francois en Karen, julle, soos alle ander ouers wat hulle doopbelofte afgelê het, moet getrou bly in julle roeping as gelowige ouers! Leef so dat Ben en Emma ook vir Christus as deel van julle gesinslewe kan herken en leer liefhê. Gryp vas aan die Here vir julle gesinslewe en al die gebrokenheid wat daar ook in julle lewe – soos ons almal s'n is, en leer julle kinders om die Here met sy hele lewe te dien! Stel ook vir hulle – soos Elkana – die voorbeeld om toegewyde lede van die geloofsgemeenskap te wees en die Here te aanbid.

Brs en srs, wat is dus God se boodskap vanmore vir ons? Hy maak stukkende gelowige gesinne heel. Gryp vas aan Hom! Hy is "Jahweh Sebaot" die magtige God – niks is vir Hom te groot nie! Hy is die God van Elkana wat beteken "God is skepper" – Hy alleen bring lewe uit 'n doodse situasie. Hy is Immanuel, Christus met ons – ons Verlosser en Saligmaker!

Gaan dan nou saam met Hom na julle huise toe en leef julle lewe saam met Hom – Hy maak ons stukkende gesinne heel! Amen